**18 Februarie** | **Skrifgedeelte: Markus 7:31-37**
**Fokusgedeelte: Markus 7:37**

## Alles wat Hy doen, is goed

Iemand wat doofstom is, wat nie kan hoor of praat nie, is opsigtelik gestrem. Dit gaan ten diepste oor kommunikasie. So ’n persoon is tog afgesny van mense en van ’n groot deel van ons leefwêreld. Jesus genees hier ’n doofstom man. Die bevryding en verlossing wat vir hierdie man bewerk is, kom mooi uit in die beskrywing in vers 37. Daar staan letterlik “... die ketting van sy tong is gebreek.” Jesus Christus doen wat God belowe het om te doen as Hy kom om sy volk te red: “Blindes sal kan sien, dowes sal kan hoor” (Jes 35:5).

Dit is opvallend dat Markus vertel wat die mense se kommentaar was ná die wonderwerk van Jesus. Hulle het gesê: “Alles wat Hy doen, is goed” (vs 37). Dit laat mens dink aan Genesis 1:31: “Toe het God gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed.” Die mense sien in dit wat Jesus doen, vir God aan die werk. Wat Jesus Christus goed doen, is die voorteken van die herskepping waarin alles nuut gemaak word.

*Sing: Psalm 92:2 (p. 466)* — *Dr. F van der Walt (Bellville-Oos)*